

Lêerno.: 19/2/P  
Verwysing: 20240402-2830

Asseseringsbestuursminuut: 0006/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Asseserings- en Eksamenkoördineerders en -adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Verspreiding van die Graad 12 Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie: 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het 2023 se Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie in 2023 se NSS-eksamen uitgereik. Om die verslag saam te stel, is 'n keuse gemaak uit inhoudsvakke waarvoor baie leerders ingeskryf was, asook Huistale en Tegnologie-vakke.
2. Die Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie vir 2023 word in drie dele aangebied:  
  
Deel 1: Inhoudsvakke (nie tale nie)  
Deel 2: Tale  
Deel 3: Tegnologie-vakke
3. Die verslag moet met alle skole wat graad 12 aanbied, versprei en bespreek word.
4. Inligting word vir elke vak verskaf, wat die volgende insluit:
  - Insig in kandidate se prestasies.
  - Prestasie van kandidate per vraag vir alle vraestelle in 'n vak.
  - Ander toepaslike inligting, soos algemene foute wat begaan is, asook voorstelle vir verbetering.
5. Die Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie in 2023 is op die DBO se webwerf beskikbaar. Die volgende skakel kan gebruik word om toegang tot hierdie webwerf te verkry:  
<https://www.education.gov.za/Resources/Reports.aspx>

6. Distriksamptenare en prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke opvoeders te bring.

**GETEKEN:** B LORISTON

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2024-04-04